

Versamel die
Oes van 2014
aan die einde van 'n suksesvolle jaar

INDEKS

- Opwindende nuus: Verwagte belastingwysigings uitgestel!
- Onderhoudwenke waarvan jy dalk nog nie gehoor het nie
- Die mediumtermyn-begroting en 'n boerdery
- Waarom van sagteware vir finansiële bestuur gebruik maak?
- Testamente: Vruggebruik en ander bepalings
- Swart Ekonomiese Bemagtiging: Telkaart vir Klein en Medium ondernemings geproklameer
- Hoe om te verseker jou vakansie verloop seepglad
- Is jou handelsmerk besig om te sterf?

Opwindende nuus: Verwagte belastingwysigings uitgestel!

Na afloop van die die Minister van Finansies, mnr Nhlanhla Nene, se eerste mediumtermyn-begroting in die parlement gelewer op 22 Oktober 2014, is verskeie belangrike wysigings tot die belastingwetgewing aangekondig.

Sommige van hierdie verwagte wysigings is reeds by vorige geleenthede aangekondig, reeds by die wet ingesluit en die datum van inwerkingstelling is reeds bepaal. Sommige van hierdie voorgestelde wysigings is egter tot 'n later datum of onbepaald uitgestel.

Aftreebelasting Hersien:

In die huidige belastingregime oor aftreebelasting, word pensioenfondse en voorsorgfondse op verskillende maniere belas. Dieselfde aftrekkings wat vir pensioenfondsbydraes beskikbaar is, is nie vir voorsorgfondsbydraes ook beskikbaar nie. Voorsorgfondselede moet ook nie twee-derdes van hulle aftreevoordele in aftree-annuïteite te omskep nie en kan dit steeds by aftrede as enkelbedrag laat uitbetaal.

Die voorgestelde wysiging het in werklikheid behels dat aftreefondsbydraes in die hande van werknemers eerder as werkgewers belas word. Daarbenewens sal daar 'n verhoging in die perk op belastingkorting wees – 'n meer vrygewige 27.5% van belasbare inkomste, asook die bekendstelling van 'n R350 000-limiet op belastingaftrekbare aftreefondsbydraes.

Die hervorming is bedoel om die regime vir pensioen- en voorsorgfondsbydraes in ooreenstemming te bring. Dit vereis ook dat twee-derdes van voorsorgfonds-aftreevoordele met aftrede in 'n annuïteit omskep moet word, soos tans die geval met pensioenfondselede.

Die dreigende implementering van aftreehervorming op 1 Maart 2015 het gelei tot die bedanking van duisende werkers wat toegang wou kry tot die kontant in hulle voorsorgfondse, omdat hulle verkeerdelik geglo het dat dit vir hulle verlore sal wees sodra die wet in werking tree.

Inteendeel, die hervorming is eerder ingestel om werkers aan te moedig om hulle aftreevoordele te beskerm. Een van die redes vir die uitstel was die moratorium wat die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) oor die hervormings aangevra het, hangende die afhandeling van 'n omvattende maatskaplike sekuriteitsbeleid. Die implementeringsdatum van die voorgestelde wysigings is uitgestel tot 2017, sodat verdere gesprekke met die vakbonde gevoer kan word. Indien mnr Nene voel dat dit voldoende is, kan die vertraging net 'n jaar duur.

Hoë-inkomsteverdieners sal baat vind by hierdie vertraging, aangesien die perk van R350 000 op aftreevoordele 'n groot nadeel vir hulle sal wees.

Kleinsake-belastingregime:

Nog 'n welkome verandering is die ommekeer wat gemaak is met die voorgestelde belasting op klein besighede, soos aanbeveel deur die Davis-belastingkomitee oor belastinghervorming.

Die Davis-belastingkomitee is 'n raadgewende struktuur wat in die lewe geroep is om navorsing te doen en aanbevelings oor belastinghervormings aan die Minister van Finansies te maak.

Die Davis-belastingkomitee het die belasting op kleinsakeondernemings ondersoek en bevind dat die huidige Kleinsakekorporasie (KSK)-bedeling nie sy doelwitte bereik nie. Slegs 'n relatiewe klein persentasie besighede vind baat by hierdie bepalings, terwyl dié wat hulself in 'n belastingverlies-posisie bevind, daarvan uitgesluit is. Die Davis-komitee het voorgestel dat die progressiewe skaalstruktuur wat tans vir KSK's beskikbaar is, vervang word en dat kleinsakeondernemings teen 28% van hul netto wins belas word. Daarbenewens sal hulle 'n terugbetaalbare belastingnakomingskorting van R15 000 per jaar ontvang, wat toegeken sal word aan KSK's met 'n omset van tussen R1 miljoen en R20 miljoen en volkome aan belastingvereistes voldoen.

Hoewel die voorgestelde wysiging ondernemings in 'n belastingverlies-posisie sou bevoordeel, sou dit 'n negatiewe uitwerking hê op die kontantvloei van winsgewende kleinsakeondernemings en dit sou 'n aansienlik hoër belastinglas vir die meeste van hulle tot gevolg gehad het. Dit sou bykomende druk op kleinsakeondernemings in 'n reeds stresvolle ekonomiese klimaat plaas, wat niks bydra tot die skep van werkgeleenthede, ens, nie.

Hierdie voorgestelde wysiging is heeltemal onttrek.

Opheffing van nulkoers vir sommige landbou-insette:

Nog 'n belangrike aankondiging wat wyd verwelkom is, is die besluit om 'n mosie uit te stel om die nulkoers van sommige landbou-insette op te hef, aangesien die landboubedryf gevoel het dit sal 'n negatiewe uitwerking op kontantvloei hê.

Die SAID het agtergekom dat 'n beduidende aantal BTW-geregistreerde ondernemings die vergunning wat aan hulle verleen is om sekere goedere teen die BTW-nulkoers te bekom, misbruik:

- Ondernemings stel hulself vals aan hulle verskaffers voor ten einde goedere teen 'n nulkoers te bekom
- Ondernemings wat boerdery-aktiwiteite bedryf sweer met verskaffers saam, wat gefabriseerde fakture tot gevolg het

Daar is dus voorgestel dat die nulkoers van goedere vir landbou-, veevoer- en ander boerderybedrywighede onttrek/opgehef word.

Hierdie nulkoers op die aankoop van veevoer, dieremedisyne, kunsmis, plaagdoders, plante en saad deur gemagtigde ondernemings, is egter ingestel om boere te help met hulle kontantvloei op korttermynbasis. Indien dit nie nul-gegradeer is nie, kan inset-BTW op hierdie aankope teruggeëis word, aangesien die aankope gedoen is in die vervaardiging van inkomste.

Dit sal egter 'n bykomende kontantvloeilas op die boer plaas, aangesien die proses vir BTW-terugbetaling soms 'n lang en uitgerekte proses is wat dikwels eers aan oudit onderworpe is.

Hierdie las op die kontantvloei sal bydra tot 'n reeds ongunstige klimaat vir landbou in Suid-Afrika.

Die Departement van Finansies het ingestem om dit vir ten minste 12 maande uit te stel sodat die uitwerking daarvan in diepte ontleed kan word en meer gesprek daaroor gevoer kan word.



Onderhoudwenke waarvan jy dalk nog nie gehoor het nie

Jy het reeds die onderhoud gekry – uitstekend! Dit beteken jou dekbrief en CV was beter as dié van ander kandidate. Nou is dit tyd om voor te berei vir jou onderhoud. Anders as enigiets anders wat jy op die internet gelees het, sal hierdie onderhoudwenke jou onderskei van die res en jou posisioneer waar jy moet wees – op koers om daardie werk te kry.

1. Navorsing wat jou onderhoudvoerders gelees het. Jy lees hierdie artikel omdat jy reeds alles gelees het wat almal oor onderhoude te sê het – jy wil iets meer hê, iets anders. Dis waarom jy moet lees wat jou onderhoudvoerder lees. Vind uit waarna hulle in 'n kandidaat op soek is en waarom hulle sekere vrae vra – jy soek na instruksies wat spesifiek op onderhoudvoerders gemik is. Dis belangrik dat jy in die gedagtes van 'n onderhoudvoerder kom om te verstaan wat regtig vereis word.
2. Oefen saam met 'n vriend, maar jý moet die onderhoudvoerder wees. Vra 'n vriend, wat ook in die arbeidsmark is, om saam met jou te oefen. Maak beurte om die kandidaat en die onderhoudvoerder te wees sodat jy beter kan verstaan wat regtig nodig is. Jy sal verbaas wees hoe gemaklik jy raak met die beantwoording van onderhoudsvrae.
3. Weet watter vrae jou senuagtig maak. As jy byvoorbeeld senuagtig is om vrae te beantwoord oor jou salaris of waarom jy by jou vorige werk weg is, is dit belangrik dat jy die beste manier uitwerk om dit te beantwoord en dit dan oor en oor hardop te oefen totdat jy nie meer senuagtig daarvoor is nie.
4. Oggendonderhoude is dikwels die beste. Die meeste mense bekommer hulle die hele dag as die onderhoud in die middag is. As jy soos die meeste mense is, sal jy waarskynlik die hele dag oor die onderhoud bekommer – wat jou nog meer senuagtig maak. 'n Oggendonderhoud sal jou help om kalm en vol selfvertroue te bly.
5. Weet wie jou onderhoudvoerder is. Hierdie vraag sal jou help om vas te stel of dit 'n paneelonderhoud of 'n vergadering met een of twee mense gaan wees. Dit gee jou ook 'n geleentheid om navorsing te doen oor jou onderhoudvoerders.
6. Vergeet aanbevelingsbriewe. Hoewel al jou briewe dalk vir jou indrukwekkend lyk, sal 'n pligsgetroue onderhoudvoerder direk met jou verwysers wil praat en hulle eie vrae wil vra. Almal weet dat aanbevelingsbriewe net altyd uit goeie dinge bestaan – niks krities nie, wat van min waarde vir die onderhoudvoerder is. Verskaf slegs verwysings en kontakligting indien die onderhoudvoerder daarvoor vra.
7. Moenie agterna oor die onderhoud stres nie. Jy kan jousef mal maak deur te dink oor alles wat jy gesê het, wat jy nie gesê het nie, wat jy moes gesê het ... hou op om jousef te kritiseer en laat dinge hulle gang gaan. As jy binne 'n week of twee nie van die onderhoudvoerder gehoor het nie, volg dit op, maar moenie daarvoor tob nie.

Dr Kulu Ferreira
D.Tech HR Management
Direkteur/Director: Core Labour

Die mediumtermyn-begroting en 'n boerdery

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is in vele opsigte in die moeilikheid en die impak daarvan gaan vir die afsienbare toekoms sigbaar wees in die streek, gegewe die streeks-interafhanklikheid. Die afwaartse aanpassing in die ekonomiese groeiakoers is slegte nuus, want dit kan die begin wees van die manier waarop wêreldwye verstadigde groei-vooruitsigte ontwikkelende lande kan raak. Alternatiewelik soek globale beleggers groei-geleenthede vir hulle geld wat nie meer in tradisionele markte kan werk nie. In hierdie opsig is die nooiens toespraak van die Suid-Afrikaanse Minister van Finansies van belang.

Die sakenuus is die afgelope paar dae oorheers deur uitsprake oor minister Nene se nooiensbegroting wat rigting moet gee aan die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die medium termyn. Die basis waaruit hierdie begroting opgestel is, beskryf die ekonomie as een wat sukkel met 'n klomp sake en wat sterk herinner aan wat baie boere in die gesig staar – te min inkomste om aan die eise van stygende uitgawes te voldoen. Die begroting het onteenseglik gewys op gapings in die staat se finansies, want te midde van dalende inkomste uit byvoorbeeld belasting en ander sakebedrywighede, staan die enorme staatsdiens bakhand vir salaris-aanpassings wat beslis nie minder gaan wees as die verwagte inflasiekoers nie. Soos in die geval van die huidige poskantoorstaking, waar 15% salaris-aanpassing geëis word teenoor 'n verwagte inflasie van 6%, is dit net redelik om te glo dat ander vakbonde op dieselfde gaan aandring. By gebrek aan ooreenkomste, kan verlamme stakings verwag word.

Die staat sukkel met 'n enorme skuld las en die nuwe medium begroting is daarop ingestel om die afhanklikheid van skuld te beperk. Of daarin geslaag gaan word, is natuurlik 'n ander saak, want die staat se inkomstebronne is in gedrang. Die ekonomie groei stadiger, met die gevolg dat belastinginkomste ook afneem. Die Namibiese regering se krediet aan die landbou vir die sektor se groeiende bydrae tot uitvoere in ag geneem, kan mens net hoop dat die regering baie meer sal doen om uitvoer-geleide aktiwiteite maksimaal aan te moedig, maar dit sal meer verg as om net uitvoer-struikelblokke te verwyder.

Die ooreenkoms tussen die omstandighede waarbinne die mediumtermyn-begroting opgestel is en dié van 'n boerdery, is nogal opvallend. Boere is vir die grootste deel van hulle heil afhanklik van tydige en voldoende reën. Daarmee saam is dié produsente as prysnemers aangewese op wat die mark dikteer en is geen boer se boerdery van so 'n aard dat hy of sy die prys van die produk kan beïnvloed nie. Al hoe die inkomste van so 'n boer vergroot kan word, is om die opbrengs so groot moontlik te maak. Graanboere kan daarmee gedeeltelik vergoed vir die verwagte laer prysvlakke wat in die nuwe seisoen kan geld. Prys per ton maal die aantal hektaar, gee die inkomste waarmee die boer sy verpligtinge moet nakom. As insetpryse styg, moet die boer dit akkommodeer en dit mag gebeur dat insette dermate toeneem, dat boere in die knyp is. As die inkomsteruimte te klein is om 'n wins te maak, sal boere soveel moontlik hektaar wil beplant om te vergoed vir die verwagte laer prys per ton.

Dit is anders as in die geval van die regering, want soos minister Nene gewaarsku het, is belastingverhogings onvermydelik en sal in die hoofbegroting van 2015 aangespreek word. Die fiskus is in die knyp, want inkomstevlakke is onvoldoende om uitgawes te dek. Soos in die boerdery, erodeer oorlaatskuld ook die reserwes. Die aangewese ding is dus om uitgawes te tem en om te waak teen lekkasies van die skaarser fondse. Daarom kan enige poging om korrupsie te bekamp, nie genoeg ondersteun word nie. Dit is soos 'n

lekkende dam, want in so 'n geval help dit nie om net meer water in te pomp nie. Die lekplekke moet eers reggemaak word sodat uitvloei uit die dam onder beheer kan kom. Hierin lê daar betekenisvolle parallele vir Afrika en die hoop is dat die nuwe minister en ander Afrika-regerings dit sal regkry.

Kobus Laubscher (PhD)

Agricultural Economist/Landbou-ekoonoom

M.Inst.D & Fellow, World Academy of Productivity Science

Direkteur/Director: Core Business Development (Pty) Ltd

Waarom van sagteware vir finansiële bestuur

Accurate financial data is vital for planning the growth of your business. How must small businesses use accounting data to help them grow and improve?

Hoe jou onderneming kan groei indien rekeningkundige prosessering op datum gehou word

Wat ook al die tipe onderneming wat jy bedryf, sukses berus op syfers. Inkomste, uitgawes, oorhoofse koste, voorraad, verkoopsyfers, wins – al hierdie syfers is belangrik.

Soms kan dit moeilik wees om dit in konteks te plaas. Eienaars van kleinsake-ondernemings moet dikwels op die daaglikse bedrywighede fokus, wat dit moeilik maak om die groter prentjie te sien. As jy per slot van sake nie elke dag 'n ogie oor jou onderneming hou nie, sal dit nie ten beste presteer nie.

Tog is dit soms nodig om terug te staan om 'n beter prentjie te kry. Wanneer jy dit oorweeg om vir bykomende finansiering aansoek te doen, jou in 'n nuwe mark begeef, of selfs jou onderneming te verkoop, sal jy meer as net die daaglikse syfers nodig hê.

Hoe duideliker die finansiële prentjie, hoe beter sal dit wees wanneer jou besigheid gereed is vir die volgende stadium in die groeiproses. Dit is wanneer jy jouself moet afvra: wat is die volgende stap wat ek vandag moet neem om more suksesvol te wees?

Sagteware vir finansiële bestuur kan jou hiermee help. In hierdie artikel gaan ons kyk na wat dit vir jou onderneming kan beteken.

Die syfers wat saak maak

Wanneer jou onderneming op die punt van 'n oorgang staan – byvoorbeeld wanneer jy vir finansiering aansoek doen of ekwiteit verhoog – is sommige syfers belangriker as ander.

Enigiemand wat dit oorweeg om vir jou geld te leen of in jou onderneming te belê, sal wil weet dat hulle geld veilig is. Dit beteken dat hulle 'n duidelike beeld van die finansiële besonderhede sal wil hê, soos:

- Historiese finansiële state
- 3-5 jaar besigheidsvoorspelling
- Persoonlike finansiële state
- Belastingopgawes
- Sakeplan
- Kommersiële kollateraal (insluitend eiendom)
- Borginligting

Om hierdie inligting bymekaar te kry, kan vir enige kleinsake-onderneming weke of selfs maande duur. Selfs wanneer jy dit alles gereed het, moet dit nog steeds op die regte manier aangebied word. Dit is hier waar sagteware vir finansiële bestuur nuttig is.

Leer by die groot besighede

Finansiële data kan aan jou nuttige insig bied in die manier waarop 'n onderneming bestuur word. Dit is waarom groot organisasies van finansiële ontleding gebruik maak om hulle te help besluit wanneer, waar en hoe om uit te brei.

Dit is ingewikkelde werk vir groot ondernemings en verg gedetailleerde sigblaaie en kragtige sagteware. Dit is ook tydrowend. Die resultate kan egter baie nuttig wees.

Wanneer jy jou finansiële data ontleed, kom jy baie te wete oor die manier waarop jou onderneming tans funksioneer. Dit kan aandui waar daar ruimte vir groei en verbetering is en waar jy moet besnoei of sekere hulpbronne moet herontplooi.

Baie groot besighede het gekom waar hulle is omdat hulle goeie besluite geneem het oor die manier waarop hulle hul groei moet bestuur. En daardie besluite was gegrond op die regte finansiële inligting. Hoe kan kleiner ondernemings egter hoop om daarmee mee te ding?

Vier finansiële bestuursopsies vir klein besighede

Dit mag dalk klink asof die oormag te groot is vir klein besighede wanneer dit kom by finansiële ontleding en bestuur. As jy reeds besig is om jou besigheid te bestuur, sal jy waarskynlik nie tyd hê om uit te vind hoe om 'n gekwalifiseerde finansiële ontleder te word nie. Wat is dus jou opsies?

1. Stel 'n HFB (CFO) aan

'n Hoof- Finansiële Beampte behoort die vaardighede en hulpmiddels te hê wat nodig is om jou besigheid te ontleed en die inligting wat nodig is, te onttrek. Die aanstelling van 'n nuwe persoon vereis egter tyd, moeite en deurlopende uitgawe.

2. Betaal vir eenmalige finansiële ontleding

As jy voel dat jy nie 'n HFB op voltydse basis nodig het nie, kan jy tydelik een aanstel of van een van ons spesialiste gebruik maak. Dit kan 'n goeie besluit wees as jy vir 'n lening aansoek doen, aangesien banke die volledige syfers vir jou maatskappy sal wil sien. Dit kan ook 'n sinvolle keuse wees as jy jou besigheid wil verkoop.

3. Doen dit self

As jy 'n kop vir syfers het, kan jy probeer om hierdie ontleding self te doen. Dis egter 'n ingewikkelde onderwerp en jy sal die fyner besonderhede van sigbladbewerking onder die knie moet kry. Wees daarop voorbereid dat jy heelwat tyd sal moet afstaan om te leer, en selfs meer tyd om die eintlike werk te doen.

4. Laat sagteware dit vir jou doen

Daar is vandag sagtewareprogramme beskikbaar wat die finansiële inligting in jou rekeningkundige pakket kan ontleed en jou 'n duidelike, bruikbare oorsig van jou onderneming kan gee – en nog baie meer.

Die voordele van sagteware vir finansiële bestuur

Vir baie kleinsake-ondernemings sal sagteware die beste manier wees om hulle finansies en kontantvloei te bestuur.

Dit is omdat:

- Dit goedkoper is as om 'n HFB aan te stel

Selfs op 'n konsultasiebasis is HFB's nie goedkoop nie. Die prys van hulle vaardighede en kennis kan dalk meer wees as wat jou besigheid kan bekostig.

- Sagteware werk wanneer jy wil hê dit moet werk

Jy wil dalk tydens 'n rustige aandjie tuis of oor die naweek jou finansies ontleed. Wolk-gekoppelde sagteware sal jou toelaat om dit te doen – en anders as met 'n werknemer, hoef jy nie enige oortyd te betaal nie.

- Dit omskep syfers in iets meer bruikbaar

Goeie sagteware vir finansiële bestuur sal jou help om jou besigheid te visualiseer – soos dit was, soos dit is en soos dit kan wees. Dit maak baie meer sin as om deur eindelose tabelle syfers te lees. Sterk punte, swakhede en die prestasie van verskillende afdelings van jou besigheid kan alles duidelik gesien word.

- Dit bevat verkorte sakekennis

In plaas daarvan om slegs een HFB aan te stel, sal die beste sagteware jou die versamelde kennis van talle kundiges gee. Daardie soort ontleding kan sy gewig in goud werd wees.

- Dit kan jou help om te leer

Niemand kan die besonderhede van finansiële beplanning in slegs 'n paar minute baasraak nie. Dit neem tyd, maar goeie sagteware sal jou help om te leer deur die terme en uitsette op so 'n manier te verduidelik dat enigeen dit kan verstaan.

Om die regte sagteware te kry

Hoe kry jy die regte sagteware vir finansiële bestuur ten opsigte van jou besigheid? Daar is verskeie punte om hier te oorweeg:

- Sterk eienskappe

Die ideale pakket sal vir jou werk net soos 'n HFB dit sou doen. Dit beteken dit sal sterk analitiese eienskappe hê wat jou sakekeuses in eenvoudige terme kan verduidelik.

- Duidelike uitset

As jy syfers invoer en syfers terugkry, sal dit op sigself nie baie nuttig wees nie. Jy wil sagteware hê wat aan jou opsies bied wat jy inderdaad kan uitvoer. Jy het idees en doelwitte nodig wat jy in 'n nuut opgedateerde sakeplan kan insluit om jou besigheid te help om suksesvol te wees.

- Strategiese doelwitte

Besigheidsdoelwitte moet in ooreenstemming met jou oorhoofse strategie wees, sodat jy in 'n duidelike rigting van die een doelwit na die volgende kan vorder. Goeie sagteware sal jou daarmee help.

- Integrasie met jou rekeningkundige sagteware

Niemand wil die syfers meer as een keer intik nie. Sagteware vir finansiële bestuur wat direk met jou rekeningkundige sagteware verbind is, help dat jy nie jou rekeningkundige data twee keer hoef in te voer nie.

- Maklik om te gebruik

Alle sagteware het 'n leerkurwe, en dit is veral waar ten opsigte van finansiële sagteware. Die beste hulpmiddels

sal jou egter binne 'n paar uur aan die gang hê, omdat die leerproses maklik is. Lees aanlyn-gebruikersforums om te sien wat kliëte oor die verskillende produkte sê.

- **Pasgemaakte insig**

Generiese boodskappe en verslae mag dalk nie vir jou van veel hulp wees nie. Volledige verslae wat spesiaal vir jou besigheid gemaak is, sal waarskynlik meer bruikbaar wees. Die beste sagteware sal die aard en grootte van jou besigheid in ag neem en voorstelle aan die hand doen wat regtig vir jou kan werk.

- **Skakels na handige dienste**

Kom ons veronderstel die sagteware ontdek dat jy finansiering nodig het om sekere sakedoelwitte te bereik. Sou dit nie wonderlik wees as jy dan met die klik van 'n knoppie vir 'n lening kan aansoek doen nie? Goeie sagteware sal dit vir jou doen.

Net jy kan dit laat werk

Dit is nie genoeg om net jou rekeningkundige data in 'n finansiële bestuurspakket in te voer en dan na die resultate te kyk nie. Jy moet ook daardie resultate doelgerig aanwend. Rekenaarsagteware kan nie presies vir jou sê hoe om jou besigheid te bestuur nie, maar dit kan 'n nuttige oorsig gee en terreine vir verbetering voorstel – dis al.

Op die ou end moet jy nog steeds gaan sit om die data te evalueer. Die regte sagteware sal jou help om ingeligte besluite te neem, maar die enigste persoon wat strategiese besluite oor jou besigheid kan neem, is jy.

Neem die raaiwerk uit groei

Talle kleinsake-ondernemings beskik nie oor die insig en begrip wat nodig is om te groei nie. Dit is nie hulle skuld nie – dit is die gevolg van die tydsdruk wat met die bestuur van 'n kleinsake-onderneming gepaard gaan. Danksy sagteware vir wolk-gebaseerde rekeningkundige en finansiële bestuur, is daar egter maniere om die groter prentjie te sien.

Met die regte hulpmiddels sal jy in staat wees om presies te bepaal waar jou besigheid was, waar dit nou is, en waar dit in die toekoms kan wees. Soos 'n virtuele HFB, kan dit jou help om die regte besluite te neem om jou besigheid te laat groei en floreer.

Ons het interne spesialiste wat jou kan help om jou data na die volgende vlak te neem. Kontak ons om jou te help om 'n duidelike beeld van die 'groter prentjie' te kry.

Dirk van Velden
B.Compt (Hons) CFA(SA)
Direkteur/Director: Core Cloud Accounting (Pty) Ltd

Testamente: Vruggebruik en ander bepalinge

Ons gaan in hierdie uitgawe stilstaan by die werking van vruggebruik en hoe dit in 'n testament aanwending vind.

Volle eiendomsreg van enige bate bestaan uit twee elemente, naamlik blooteiendomsreg en vruggebruik. Blooteiendomsreg beteken dat 'n persoon 'n bate besit, terwyl die vruggebruik daarvan tot gevolg het dat die eienaar daarvan die bate tot sy voordeel mag aanwend en inkomste daaruit mag verdien.

'n Voorbeeld van 'n testamentêre bepaling waarin 'n vruggebruik geskep word, is as volg:

“Ek bemaak my plaas, Mooifontein, aan my seun, Ben, onderhewig aan die lewenslange reg van vruggebruik van my eggenote Susan, vry van die verpligting om sekuriteit te verskaf aan die Meester van die Hooggeregshof.”

Die gevolg van bogemelde vruggebruik is dat Susan die plaas mag benut deur self daarop te boer of die plaas te verhuur. Wanneer Susan te sterwe kom, is Ben outomaties volle eienaar van die plaas. Terwyl Susan die vruggebruik geniet, het Ben net die hoop om volle eienaar te word wanneer die vruggebruik verstryk en het in hierdie tyd geen verwagting ten opsigte van die inkomste wat uit die eiendom gegeneer word nie.

'n Vruggebruik word gewoonlik aangewend om vir die onderhoud van 'n langsliewende eggenote voorsiening te maak, terwyl daar terselfdertyd seker gemaak word dat die eiendom uiteindelik by die regte erfgenaam sal uitkom. Hieruit volg dat die vruggebruikster nie weer by wyse van testament oor die bate, waaroor sy vruggebruik het, kan beskik nie.

Daar is voor- en nadele verbonde aan die aanwending van 'n vruggebruik in 'n testament.

Die voordele beloop onder meer die volgende:

- Kan aangewend word ter versorging van een erfgenaam en terselfdertyd seker gemaak word dat die eiendom uiteindelik by die regte ander erfgenaam sal uitkom.
- Die waarde van die vruggebruik wat aan 'n langsliewende eggenoot vererf, is uit 'n boedelbelasting- sowel as kapitaalwinsbelasting-oogpunt aftrekbaar in die boedel van 'n eerssterwende eggenoot.

Die nadele is as volg:

- Die blooteienaar kan nog nie met die eiendom handel nie en het ook geen sekuriteitswaarde in die eiendom terwyl die vruggebruik van toepassing is nie.
- Die basiskoste van die eiendom (uit 'n kapitaalwinsbelasting-oogpunt) is vir die blooteienaar die blooteiendomswaarde, wat baie minder is as die markwaarde en wat later groter kapitaalwinsbelasting tot gevolg sal hê wanneer die blooteienaar met die eiendom handel.
- By afsterwe van die vruggebruikster, is die staking van die vruggebruik 'n geagte bate in haar boedel en sal die blooteienaar vir die pro rata boedelbelasting, wat die staking van vruggebruik tot gevolg het, verantwoordelik wees. Laasgenoemde kan die kontantvloei van die blooteienaar negatief bïnvloed.

- Indien BTW van toepassing is, sal die BTW op die blooteiendomsreg-gedeelte betaalbaar wees en eers teruggeëis kan word wanneer die vruggebruik tot 'n einde kom.

Oor die algemeen het vruggebruik deesdae 'n beperkte aanwending, maar kan in sekere omstandighede tog 'n gepaste oplossing bied.

Hou gerus hierdie ruimte dop vir verdere inligting met betrekking tot testamente en boedelbeplanning. U is ook welkom om ons te enige tyd te kontak indien daar navrae is.

Piet Swanepoel
B.luris LLB Adv Tax Cert Adv PDPF
Direkteur/Director: Core Trusts & Estates (Pty) Ltd



Swart Ekonomiese Bemagtiging: Telkaart vir Klein en Medium ondernemings geproklameer

Slegs sowat 'n jaar nadat die Gewysigde Kodes van Goeie Praktyk vir Swart Ekonomiese Bemagtiging geproklameer is, het die Departement van Handel en Nywerheid (DHI) spekulasie beëindig deur uiteindelik die Hersiene Gespesialiseerde en Kwalifiserende Klein Onderneming telkaart vir openbare kommentaar uit te reik.

Hoewel die hersiene Hersiene KKO-telkaart in ooreenstemming is met die vereistes van die Generiese Telkaart (wat op 13 Oktober 2013 geproklameer is), is dit, vergeleke met die Generiese Telkaart, 'n eenvoudiger telkaart met laer doelwitte in sommige gebiede. Oor die algemeen sal dit beslis 'n baie moeiliker telkaart wees om aan te voldoen vergeleke met die huidige telkaart wat Klein en Medium Ondernemings volg, maar dit sal ook meer impak op volhoubare bemagtigingsinisiatiewe kan hê.

Met die proklamasie van die Gewysigde Kodes van Goeie Praktyk vir SEB in Oktober 2013, is daar tot 'n mate 'n aanduiding gegee van wat Klein en Medium ondernemings te wagte kan wees:

- 1) Die omsetperk vir Klein en Medium ondernemings is verhoog – entiteite sal in die toekoms as Kwalifiserende Klein Ondernemings (QSE's) kwalifiseer indien hulle jaarlikse omset tussen R10m en R50m is;
- 2) Die aantal elemente is verminder van sewe tot vyf, maar daar is aangedui dat Klein en Medium ondernemings in die toekoms volgens al vyf elemente gemeet sal word en nie die keuse sal hê om slegs sekere elemente te kies om aan te voldoen nie;
- 3) Daar is aangedui dat eienaarskap ook 'n voorkeurelement vir alle sal wees, en dat 'n Klein en Medium onderneming se algehele SEB-nakomingsvlak met een vlak verlaag sal word indien daar nie aan die sub-minimum vereistes vir eienaarskap en minstens nog een van die voorkeurelemente voldoen word nie.

Met die proklamasie van die konsep telkaart vir Gespesialiseerde asook Klein en Medium Ondernemings, is meer besonderhede verskaf oor die aspekte waaraan daardie sal moet voldoen. Die belangrikste eienskappe van die Gewysigde telkaart vir Klein en Medium ondernemings is:

1) Eienaarskap:

Eienaarskap is 'n prioriteitselement. Die telkaart is soortgelyk aan die Generiese Eienaarskaptelkaart en sluit punte in vir ekonomiese belang en stemreg vir swart persone (teiken = 25% + 1 stem), swart vroue (teiken + 10%) en aangewese groepe (teiken = 2%).

2) Bestuursbeheer:

Die telkaart maak voorsiening dat punte toegeken word vir swart uitvoerende topbestuur (teiken = 50%) en alle ander swart bestuurslede (teiken = 60%). Die teiken vir swart vroue in bestuur is 50% van elke individuele teiken. Geen punte word toegeken vir swart nie-uitvoerende direkteure of vir swart werknemers wat nie in bestuursposisies beklee nie.

3) Vaardigheidsontwikkeling:

Die telkaart is baie eenvoudiger as die Generiese Telkaart, met punte wat toegeken word vir vaardigheidsontwikkelingsuitgawes vir swart persone (teiken = 3% van jaarlikse salariskoste) en vaardigheidsontwikkelingsuitgawes vir swart vroue (teiken = 1% van jaarlikse salariskoste). Geen spesifieke punte word toegeken vir vakleerlingskappe en internskappe nie, maar die geleentheidskoste daarvan sal ingesluit wees as deel van algemene vaardigheidsontwikkelingsuitgawes.

Let daarop dat die element vir vaardigheidsontwikkeling nou verwys na besteding op swart mense eerder as swart werknemers. Dit impliseer die insluiting van werklose swart mense.

4) Ondernemings- en Verskafferontwikkeling (insluitend Voorkeur Verkryging):

Die Voorkeur Verkrygingsafdeling het twee sub-aanwysers, naamlik totale verkryging van Bemagtigingsverskaffers (teiken = 60% van totale jaarlikse verkryging) en verkryging van verskaffers wat ten minste 51% Swart eienaarskap het (teiken = 15% van totale jaarlikse verkryging).

Die huidige Ondernemingsontwikkelingstelkaart is onderverdeel in twee sub-aanwysers, naamlik Verskafferontwikkeling (wat verwys na ondernemingsontwikkeling van die entiteit se eie verskaffers) (teiken = 1% van Netto wins na belasting jaarliks) en Ondernemingsontwikkeling (vir nie-verskaffers) (teiken = 1% van Netto wins na belasting jaarliks).

5) Sosio-ekonomiese Ontwikkeling:

Die kriteria bly dieselfde as wat dit tans is, maar sal nou slegs 5 punte werd wees op die telkaart (voorheen 25 punte werd). Die teiken bly 1% van Netto wins na belasting per jaar.

Vir tradisionele blanke familie ondernemings, hou die Hersiene Klein en Medium onderneming telkaart nie goeie nuus in nie., Dit was voorheen moontlik vir daardie ondernemings om Vlak 1 te bereik, maar met die bekendstelling van die nuwe vereistes, sal entiteite sonder Swart Eienaarskap en geen Swart Topbestuur nie hoogstens 68 punte op die Klein en Medium onderneming telkaart kan behaal. Dit sal 'n Vlak 7-gradering tot gevolg hê, maar weens die voorkeurelement (Eienaarskap) waaraan nie voldoen word nie, sal die entiteit met een vlak verlaag word om 'n Vlak 8-bydraer tot SEB word.

Ons raad aan alle besighede, is om 'n ontleding te laat doen volgens die Gewysigde Kodes om 'n aanduiding te kry van die verandering in vlak wat die entiteit te wagte kan wees. Sodra jy 'n idee het van die impak wat die veranderinge op jou besigheid se algehele SEB—nakomingsvlak sal hê, begin dan om inisiatiewe te identifiseer wat as oplossings geïmplementeer kan word op gebiede wat vir jou entiteit moontlik is, sodat maksimum-punte weer verdien kan word.

Hou in gedagte dat die Gewysigde Kodes vir alle entiteite op 1 Mei 2015 in werking sal tree. Enige SEB-sertifikaat wat vanaf 1 Mei 2015 uitgereik word, moet gebaseer wees op die vereistes van die Gewysigde Kodes.

Indien jou besigheid een laaste SEB-verifikasiesertifikaat wil kry wat op die huidige (minder streng) vereistes gebaseer is, kontak ons firma gerus dringend om reëlings te tref, aangesien ons verwag dat daar baie hoë volumes sertifikate gedurende die eerste kwartaal van 2015 uitgereik gaan word.

Vir enige advies oor die impak van die Gewysigde Kodes van Goeie Praktyk op jou besigheid, of hoe om jou onderneming se SEB-voldoening te verbeter, kontak die CORE BEE -span.

Colette Cilliers
B.Com (Hons)
Direkteur/Director: Core BEE (Pty) Ltd



Hoe om te verseker jou vakansie verloop seepglad

Dit lyk asof hierdie jaar teen 'n verbysterende spoed verbygevlieg het. Dis moeilik om te glo dat dit byna weer daardie tyd van die jaar is – vir rus, ontspan, vakansie en gesinstyd. Voordat ons egter op ons jaarlikse vakansie vertrek om die son en branders, of dalk die bos, te geniet, is daar 'n paar belangrike dinge wat nagegaan moet word ten einde die veiligheid van ons bates te verseker.

As jy beplan om luukse artikels soos tablette, skootrekenaars, kameras en ander waardevolle artikels saam te neem, maak seker dat hierdie artikels doeltreffend in jou polis verseker is onder alle risikodekking.


- Hou jou juwele in 'n kluis toegesluit by jou vakansiebestemming
- Moet nooit waardevolle artikels oop en bloot in jou motor laat lê nie
- Moet nooit waardevolle artikels in jou bagasie plaas nie
- Hou altyd alle kontant by jou

Goeie beplanning is nodig om te verseker dat jou huis veilig sal wees wanneer jy van jou vakansie terugkeer, maar hier is 'n paar wenke om in ag te neem:

- Maak seker dat jou alarmstelsel in 'n werkende toestand is en toets die reaksie van die sekuriteitsmaatskappy, asook die noodbattery – in geval van 'n kragonderbreking
- Moenie ligte die hele nag en die hele dag aanlos nie, dis 'n duidelike teken dat jy nie tuis is nie – belê eerder in 'n tydskakelaar
- Indien moontlik, kry iemand om jou huis op te pas en die ligte aan en af te skakel, die troeteldiere kos te gee en 'n ogie oor jou eiendom te hou
- Kanselleer die aflewering van alle koerant- en ander subskripsies na jou huisadres
- Indien jy enige voertuie by die huis los, neem die spaarsleutels saam en immobiliseer die voertuig so goed moontlik – gevalle is aangemeld waar die indringer met die gesteelde goedere weg is in 'n motor wat by die eiendom gelos is
- Enige waardevolle artikels wat op die eiendom gelaat word, moet in 'n kluis gehou word. Neem die sleutels saam met jou of oorweeg om dit in 'n kluis by die bank te bewaar
- Ontkoppel alle elektroniese toestelle – dit sal nie net krag spaar nie, maar sal beskerming teen moontlike weerlig of kragstuwings bied
- Leer jou bure ken, hulle kan jou oë en ore wees terwyl jy weg is – laat jou kontakbesonderhede by hulle.

Die vakansie is 'n tyd vir familie en ontspan, en om te seker te maak dat jou eiendom en ander bates doeltreffend verseker is, sal aan jou die gemoedsrus bied dat jy verseker is indien daar iets gebeur. Hou altyd jou makelaar en/of versekeraar se kontakbesonderhede byderhand as jy per motor reis, sodat noodbystand verleen kan word.

Jaco Wiehman
B PL, C.O.P
Direkteur/Director: Core Short-Term (Pty) Ltd



BRAND
R.I.P.

Is jou handelsmerk besig om te sterf?

Ongelukke veroorsaak selde die ondergang van 'n handelsmerk. Sterwende handelsmerke stuur dikwels waarskuwingstekens uit voor die uiteindelijke ineenstorting. Vir die oplettende entrepreneur, kan hierdie ramp afgeweer word deur sekere maatreëls in te stel. So 'n ramp kan die onoplettende entrepreneur egter ongesiens bekrui.

Daar is talle vanselfsprekende redes waarom handelsmerke ondergaan: gebrek aan vernuwing, swak finansiële bestuur, gebrek aan onderskeiding (nie uniek nie), afname in verkope, onervarenheid, nalatigheid, gierigheid, ens.

Wat is nodig om jou handelsmerk nie net te laat oorleef nie, maar te laat FLOREER?

Die no 1-vyand van handelsmerke is clichés. Hoewel die volgende voorbeelde van clichés in handelsmerke voor die hand liggend is, verwyder dit onmiddellik uit al jou handelsmerk-pogings.

Om jou handelsmerk te beskryf as:

Die Beste, Verbind tot Uitnemendheid, 'n Toegewyde Span, Aan die Voorpunt, Doen Meer as Ons Plig, Ultramodern, Kundige Personeel, Die Goedkoopste Opsie, Wêreldklas – daar word aangeneem dat jou handelsmerk al hierdie dinge en selfs meer moet wees. Hierdie clichés is nie meer 'n onderskeidingspunt nie – dit is 'n minimum vereiste. Dit beteken nie meer om dit van jou te hoor as van al die ander duisende handelsmerke wat dieselfde, en baie ander, clichés gebruik nie.

Handelsmerke gryp gewoonlik na clichés as gevolg van 'n gebrek aan begrip vir hulle handelsmerk-persoonlikheid. Net soos ek en jy, het handelsmerke waardes, karakters en persoonlikhede wat hulle, net soos ons, uniek maak. Om nie jou persoonlikheid, karakter, ens, te ken nie, maak dit onmoontlik om jou handelsmerk as uniek en aantreklik te posisioneer. Dit is dus van kardinale belang vir die voortbestaan van jou handelsmerk om te verstaan wat jou handelsmerk uniek maak en om dan daardie uniekheid te gebruik om jou handelsmerk in die harte en gedagtes van jou kliënt te posisioneer.

Die meeste handelsmerke beleef 'n handelsmerk-identiteitskrisis.

'n Handelsmerk het twee kante – verkoper en koper. Begrip vir hierdie beginsel is net so noodsaaklik as om jou handelsmerk-persoonlikheid te verstaan. Vra jouself die volgende af: wat verkoop jou handelsmerk en is dit wat jou kliënt koop? Is dit verwarrend? Antwoord eers die vraag. Nike is 'n voorbeeld van 'n maatskappy wat 'n produk verkoop, maar hulle kliënte koop iets heeltemal anders. Nike verkoop tekkies en sportdrag, maar hulle kliënte koop die hoop op beter atletiese prestasie (of die uiterlike voorkoms daarvan). Geen cliché daaromtrent nie. Nike verstaan wie en wat hulle is en dit word oorgedra in die boodskap waarop die verbruiker inkoop.

Onkunde oor hierdie basiese handelsmerkbeginsele is gewoonlik sigbaar in swak ontwerp. Handelsmerke is geklee volgens hulle handelsmerk-karakter of -persoonlikheid, d.w.s. korporatiewe identiteits (ci)-ontwerp word bepaal deur karakter en persoonlikheid. Om nie te weet wat die kern van jou handelsmerk is nie, maak dit feitlik onmoontlik vir jou handelsmerk om die regte mondering, voorkoms en gevoel van die handelsmerk te weerspieël. Die ontwerp van jou handelsmerk maak dat dit óf aantreklik óf nie aantreklik is vir die

verbruiker. Onthou, ons maak 90% en meer van ons aankoopbesluite deur slegs een van ons vyf sinuities te gebruik. Sig! As iets goed lyk – is dit goed. Beeld, d.w.s. goeie ontwerp, sowel as persepsie, dra by tot waarde. Swak ontwerp het die teenoorgestelde uitwerking. Handelsmerke kan gesien word as onprofessioneel, onbetroubaar, ongeloofwaardig, ens., as gevolg van swak ontwerpte ci.

Weet jy wat die persepsie van jou handelsmerk in die mark is? Onthou dat 'n handelsmerk 'n versameling van persepsies in die gedagtes van die verbruiker is. As jy weet wat hierdie persepsies is, kan jy dit beheer en jou eie skep – goeie ontwerp en kommunikasie is van die uiterste belang wanneer dit kom by die beïnvloeding van jou kliënte se persepsies. Nike verkoop tekkies en die persepsie van atletiese prestasie word by die kliënt geskep.

Nog 'n simptoom van 'n handelsmerk wat 'n handelsmerk-identiteitskrisis het, is dat daar geen konsekwensie is in hoe hulle lyk en kommunikeer nie. Die oorsprong van die probleem is, weereens, om nie te weet wat die persoonlikheid, karakter en waardes van die handelsmerk is nie. Inkonsekwensie verswak jou handelsmerk se teenwoordigheid en verwar jou verbruikers, wat jou handelsmerk weerloos laat en dit onder verdenking plaas. Sterk handelsmerke aarsel nooit in hulle boodskap of optrede nie en verteenwoordig altyd 'n enkele, soliede persoonlikheid.

Kreatiwiteit is die teenoorgestelde van roetine. Jy moet voortdurend uit jou tradisie wegbreek. Wat maak dat jou kliënt lojaal bly, is natuurlik konsekwensie, maar dit hoef nie te beteken dat jou taktiese skepping altyd dieselfde moet bly en uiteindelik vervelig raak nie. Solank jou aktiwiteite oor handelsmerk gaan, ooreenkomstig handelsmerk-persoonlikheid, sal jou handelsmerk floreer.

Vir jou handelsmerk om te floreer en nie net te oorleef nie, moet dit versorg word. Jy het 'n verantwoordelikheid. Indien jy dit as uniek en individueel skep, sal jou kliënte sorg dat dit oorleef. Op die ou end besluit hulle of dit voortleef of ondergaan, maak dus seker dat jy dit versorg!

Hein du Plessis
Direkteur/Director: Core Brand Management

the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za